

Hoe om 'n e-boek af te laai – Om te lees op jou e-leser

Daar is 'n verskeidenheid e-lesers op die mark, onder andere gobii, Prestigio, Sony en Telefunken.



Neem asb. kennis: **Amazon Kindle** e-lesers is nie versoenbaar met e-boeke wat beskerm word deur Adobe DRM (*digital rights management*) nie.

Stap 1: [Registreer by Adobe.com](https://adobe.com)


- [Kliek hier](#) om by Adobe.com te registreer.
- Maak 'n nota van die e-posadres en wagwoord wat jy skep – jy gaan dit weer later nodig hê.



Jy hoef die volgende net een keer te doen.



Waarom moet ek by Adobe.com registreer? E-boeke word beskerm deur middel van Adobe DRM en verhoed plagiaat en diefstal. Adobe DRM maak op dié wyse seker dat skrywers betaal word vir hulle boeke.




Hoe om 'n e-boek af te laai – Om te lees op jou e-leser

Stap 2: Installeer die sagteware wat saam met jou e-leser gekom het



Jy hoef die volgende net een keer te doen.

- Die meeste e-lesers word vergesel deur gedrukte instruksies oor hoe om die sagteware te installeer, asook 'n CD-ROM wat die sagteware bevat.



Stap 3: Aktiveer jou Adobe-rekening



Jy hoef die volgende net een keer te doen.


Om hierdie stap uit te voer, moet jy [Adobe Digital Editions](#) aflaai op jou rekenaar.




- Die eerste keer wat jy Adobe Digital Editions oopmaak op jou rekenaar, moet jy jou rekenaar volmag gee. Dit beteken jy moet jou Adobe-registrasiedetails

Hoe om 'n e-boek af te laai – Om te lees op jou e-leser

(van Stap 1) koppel aan die sagteware. Maak seker dat jou e-leser ingeprop is in jou rekenaar op hierdie tydstip.



Sodra jy Adobe Digital Editions geaktiveer het, sal jy jou Library sien. Dit is waarskynlik leeg op hierdie stadium.




Stap 3: Laai die e-boek af op jou rekenaar

- Gaan na die webtuiste waar jy jou boek wil koop.
- Koop die boek soos wat jy 'n gewone gedrukte boek of produk sal koop.
- As jou aankoop suksesvol was, sal jou e-boek in die biblioteek van die webtuiste verskyn. Dié biblioteke het verskillende name: bv. Kalahari.com noem dit *LibraryBox*; Leserskring.com plaas die e-boek in die *eLibrary*. Ander aanlynwinkels het moontlik ander benamings vir hulle biblioteke.
- Maak nou die e-leser se sagteware oop wat jy tydens Stap 2 op jou rekenaar

Hoe om 'n e-boek af te laai – Om te lees op jou e-leser

geïnstalleer het. Gebruik nou hierdie sagteware om die .ascm lêer in te voer ('import') of oop te maak.



- Die boek behoort nou sigbaar te wees in die e-leser se sagteware. Maak seker dat jou e-leser ingeprop is in die rekenaar. Om die boek op jou e-leser te plaas, kliek en sleep die titel van die boek tot op jou e-leser.

